Taal-en-tegnologietoer

vir skoliere

27 September – 9 Oktober 2023

'n Unieke toer in samewerking met

VIRTUELE INSTITUUT VIR AFRIKAANS

13 FANTASTIESE DAE

Ingesluit by die toerprys: vliegkaartjies, lughawebelasting, verblyf, ontbyt elke dag, die meeste van die aandetes, vervoer in Europa en sommige uitstappies

TOERPLAN

Dag 1 – Ons vertrek vanmiddag vanaf OR Tambo Internasionale Lughawe en geniet aandete aan boord.



Dag 2 –Net ná ontbyt land ons in Parys. Ons luukse lugversorgde bus wag by die lughawe en vertrek dadelik na die ikoniese kunstenaarsbuurt, Montmartre. Vanaf die wondermooie Sacré Coeur het mens 'n onbelemmerde uitsig oor die stad.

Dag 3 – Ons verken vandag Parys se middestad saam met die bekroonde skryfster Marita van der Vyver. Die Notre Dame, een van die beste voorbeelde van Frans-Gotiese argitektuur; die Operahuis en die Louvre is net 'n paar besienswaardighede wat op ons wag. Die Eiffeltoring in die aand is 'n asemrowende gesig en vanaand gaan ons dit ervaar.

Dag 4 – Vandag gaan ons net pret hê. Net ná ontbyt gaan ons Disneyland toe waar ons heeldag gaan baljaar.

Dag 5 – Ons vertrek vroegoggend noordwaarts en reis deur die Franse platteland voor ons die grens oorsteek na België waar ons vir die volgende twee aande in Gent, die universiteitstad, tuisgaan. Vandag besoek ons die Poësiesentrum, tuiste van ’n groot versameling Afrikaanse poësie. Daarna kry ons kans om Gent se winkels op horings te neem.

Dag 6 – ’n Besoek aan die Universiteit Gent, asook die Gentse Sentrum vir Afrikaans en die Studie van Suid-Afrika is op vanoggend se program. Die middag verken ons die prentjiemooie Brugge. Ons besoek onder andere die sjokolademuseum en proe die heerlikste Belgiese sjokolade. ’n Kanaalvaart is ’n gewilde opsie en wanneer die honger knaag, kan ons aan krokette smul.

Dag 7 – Ons groet Gent vandag en reis verder noord na Antwerpen, stad van diamante, en die modemekka van Noord-Europa. Hier sluit professor Gerhard van Huyssteen by ons aan.
’n Mede-Suid-Afrikaner wat hier woon, begelei ons op ’n staptoer deur die stad.

Dag 8 – Vanoggend vertrek ons na Brussel, die hoofstad en politieke, ekonomiese en kulturele sentrum van België, en administratiewe hoofkwartier van die Europese Unie. Ons besoek onder meer die Grote Markt waar die heerlikste wafels te kry is. Hierna besoek ons die Atomium wat al as die mees bisarre gebou in Europa aangewys is. Nege sfere van vlekvrye staal is met mekaar verbind en verteenwoordig ’n ysterkristal wat 165 miljard keer vergroot is. Die struktuur is 102 meter hoog. Terug in Antwerpen kry jy die geleentheid om bietjie inkopies te doen en die omgewing op jou eie te verken.

Dag 9 – Vandag reis ons na Nederland. Ons besoek die Oosterschelde en Deltapark Neeltje Jans. Dan vaar ons na Nederland se grootste eiland om te sien hoe ingenieursvernuf aan die dag gelê word om Nederland se waterstelsels en vloedversperrings effektief te bestuur. Ons oornag in Delft, oor eeue heen bekend vir die pragtige blou-en-wit porselein.

Dag 10 – Ná ontbyt vertrek ons na Den Haag waar ons die Nederlandse Taalunie besoek en met Ingrid Glorie gesels oor die Festival voor het Afrikaans wat in 2023 weer in Nederland aangebied word. Ons reis dan verder na die bekende studentestad Leiden waar ons onder meer die Instituut voor de Nederlandse Taal by die universiteit besoek.

Dag 11 – Vandag is ons heeldag in Amsterdam. Zaanse Schaans met sy fraai houthuisies, windmeulens en handwerkwinkeltjies is een van ons besoekpunte. Hier leer ons van Cornelis Corneliszoon se patent wat die skeepvaartindustrie heeltemal verander het. Hierna vertrek ons na die middestad waar ons die koninklike paleis, Zuid-Afrikahuis en die Meertens Instituut besoek. Later onderneem ons ’n gragtevaart om Amsterdam vanuit ’n ander hoek te beskou.

Dag 12 – Die laaste dag van die toer het aangebreek. Eerste op die program is Volendam, die oulike vissersdorpie met sy pragtige bote. By die kaasfabriek kan ons verskillende kase proe en uitvind hoe elkeen gemaak word. Daar is ook ’n klompefabriek waar ons sal sien hoe klompe oorspronklik gemaak is. Ons toer eindig met ’n besoek aan Muiderslot, een van die oudste en bes bewaarde kastele, wat in vele flieks te siene is. Vroegaand vertrek ons vanaf Schiphol.

Dag 13 – Wanneer ons op OR Tambo Internasionale Lughawe land, is ons stokflou ná ’n opwindende en onvergeetlike toer.

Betalings

’n Deposito van R10 000 per persoon verseker jou plek op die toer. Die uitstaande balans kan oor ’n periode van twee maande voor ons vertrek betaal word.

Ons bankbesonderhede

Bank: FNB
Rekeningnaam: Tienie Jonker Toere
Rekeningnr: 62571210021
Takkode: 240438 Potchefstroom
Verwysing: Jou naam en van
E-pos die bewys van betaling na tjtoere@jenny.co.za

Met ontvangs van jou deposito en inskrywingsvorm word jou plek bespreek!

Nie ingesluit by toerprys nie:

- koste van ’n paspoort
- visum en reisversekering
- enige binnelandse vlugte
- sakgeld
- opsionele uitstappies

VIVA
VIRTUELE INSTITUUT VIR AFRIKAANS

TIENIE JONKER TOERE

Skandeer die QR-kode vir meer inligting